



Laerskool Simon van der Stel

DINK NUUT!

Geagte Ouers

OMSENBRIEF 10/2017

29 Maart 2017

PRETLOOP: VRYDAG, 21 APRIL 2017

Let asseblief op die volgende finale reëlings ten opsigte van die pretloop wat op Vrydag 21 April in Wynberg Militêre Basis plaasvind:

- 08:00 - Register word in klasse geneem.
- 08:30 - Klasse beweeg na rye en daarvan dan na die hoofhek. Almal beweeg in klas-groepe oor na die Oval (Militêre Polisie help by verkeersligte).
- 09:00 - Bekendstelling van temas vind plaas. (Elke klas kies vooraf 'n tema).
- 09:30 - Pretloop begin in klasgroepe.
- 11:00 - Stap terug skool toe.
- 11:30 - Kospakkies word uitgedeel.
- 12:00 - Terug na klasse.
- Klasse verdaag volgens normale tye.
- Kinders moet met gemaklike stapklere en -skoene skool toe kom.
- Bring eie waterbottels vol water, sonskerm en pette.
- 'n Voertuig met mediese personeel gaan die hele tyd die roetes ry om hulp te verskaf indien nodig.
- U is baie welkom om die dag se verrigtinge saam met ons te kom geniet - ons gaan rustig stap en ontspan! Kontak u klasonderwyser

t.o.v. u deelname.

- **Kom voorbereid ten spyte van die weer. Ons sal die oggend 'n finale besluit neem. Bring maar jou tas saam skool toe, alhoewel goeie weer voorspel is.**



Baie dankie aan elkeen van u vir die hulp met die borglyste en aan die volgende persone en instansies wat hulp verleen:

- Die personeel en die koördineerder, mev.. L. Hefer.
- Mev. M. Faes vir medies.
- Mev. J. Hattingh vir vervoer.
- Mev. A. Olivier vir die kospakkies.
- Die Militêre Polisie en die sportkantoor.
- Al die kinders en ouers vir die entoesiasme!
- Mevv. B. Reynard, E. Barnard en L. Voigt en me. E. Ackermann vir die goeie pryse wat gewen kan word.

Die borglyste en geld moet op die laatste teen 5 MEI ingehandig word.

Die aansporingspryse is aangeheg.

Baie dankie vir u samewerking en ondersteuning waarsonder ons beslis nie hierdie projek sou kon aanpak nie.

Vriendelike groete

E.L. KÄSNER
SKOOLHOOF

